## DIE ESSENSIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom

## ACIM en Oggend-Seminaar

"Geskiedenis van die Bybel" — 21 Julie 2012
Ons hervat ACIM op 26 Julie 2012
Bespreek by Terblanche

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

**Naam en Van** ______________________________

**E-Mail** ______________________________ **Sel** ____________________

**Woonadres** ______________________________

## HOE ONS MEKAAR KAN HELP

**Bediening** ______________________________

**Voorstelle** ______________________________

**Besoek asb** ______________________________

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | Ons vra vir 'n maandelikse bydrae hetsy per koevert of per EFT<br>**Groot ASSEBLIEF en BAIE dankie** |



# Neo-Spektrum

## 8 Julie 2012

## A Thoughtful Love for Life

**Gister is nie môre nie ...**
**vandag leef ons in oorgawe**

## STILTE IN DIE KAPEL

~ MOENIE WEGGAAN NIE — HERMAN VAN VEEN ~

## VERWELKOMING & AFKONDIGINGS

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

'n tyd vir vreugde, 'n tyd vir seer
'n tyd vir klippe pak, 'n tyd vir klippe gooi
nou is dit winter
êrens somer
nou sal ek vloei ...
môre keer
seisoene ritme
beweging
horisontaal
tussen twee punte
van bewussyn —
getye ritme 'n perspektief
vertikaal in ewigheid
al met die grein van tyd
vir kyk ...
'n tyd vir sien, 'n tyd vir sekerheid
'n tyd vir miskien
... nou is nou
(Uit: 'n Dagboek van Europa)

## STILTE VAN BUITE

# STILTE VAN BINNE

## GESPREKSIRKEL

**LUKAS 17:20-21 (1933 VERTALING):** EN toe Hy deur die Fariseërs gevra is wanneer die koninkryk van God sal kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: Die koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie. En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; **want die koninkryk van God is BINNE-IN julle.**

Hemel is nie 'n plek nie — hemel is waar ons onthou dat niks en niemand ons ooit van God kan skei nie — hemel is waar ons kies vir liefde bo vrees — hemel is 'a state of mindfulness where we surrender to our brighter self.

### 1. LEEF VANDAG GETROU AAN JOUSELF (AUTHENTICITY)

Die ego slinger jou van gister na môre met geen intensie om in die nou te leef. Wat het jy om te verloor deur eerlik, eg en 'authentic' te wees teenoor jouself?

### 2. LEEF VANDAG BEWUS VAN JOU SELF (SIMPLICITY)

As die Bybel sê "tyd sal daar nie meer wees nie" bedoel dit nie die einde van die wêreld nie maar 'n einde aan die krag wat ons aan tyd gee. Hemel is nou — !!

### 3. LEEF VANDAG DIE ESSENSIE VAN SELF (EFFORTLESSLY)

#### WANT DIE KONINKRYK IS BINNE-IN JULLE

Die wil van jou tong — luister voor jy praat en praat saggies
Die wil van jou oë — wees versigtig waarna jy kyk en sien
Die wil van jou ore — ontwikkel 'n sensitiwiteit om te hoor
Die wil van jou lippe — dink voor jy iets in jou mond sit
Die wil van jou hande — laat los waaraan jy vasklou
Die wil van jou voete — stap jou eie spore en wees getrou
Die wil van jou hart — laat die liefde van God deur jou vloei

ἀλλὰ θαρσεῖτε, ἐγὼ νενίκηκα τὸν κόσμον (Joh 16:33[b])
But be courageous, I have overcome the world
Maar wees moedig, ek het die wêreld oorkom (oorwin)

**Hy sê nie, ek het die wêreld geFIX nie, hy sê ek het die wêreld oorwin.**
**Ons wil altyd iets fix in plaas daarvan om dit te oorkom.**

- ✓ Ons sê ons wil verander maar wil niks prysgee (opoffer) nie
- ✓ Ons vra dat ander en die wêreld sal verander maar wil self nie verander nie
- ✓ Ons bid oor gister (guilt) en vir môre (fear) maar wat van vandag?

ACIM sê: ***we are not here to DO but to BECOME***

# FOR WHAT YOU GIVE, YOU BECOME !!

~ DE TIJD TIKT — HERMAN VAN VEEN ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*Kyk — die Here God leef in géén tyd nie*
*Kyk — die Almagtige is vir altyd in die NOU*
*Kyk — die Ewige gee vir jou 'n KEUSE om te kies ...*
*nie meer gister of môre nie maar vandag !!*

---

## AS ONS UITSTAP

EK SAL STERF EN NA MY VADER GAAN — BREYTEN BREYTENBACH

ek sal sterf en na my vader gaan
Wellington toe met lang bene
blink in die lig
waar die kamers swaar en donker is,
waar sterre soos seemeeue sit op die nok
en engele vir wurms spit in die tuin
ek sal sterf en met min bagasie in die pad val
die Wellington se berge oor
soos in die bome en die skemer deur en na my vader gaan
die son sal in die aarde klop,
die wind se branders laat die voeë kraak
ons hoor die huurders skuurloop oor ons kop
ons sal dambord speel op die agterstoep
o - vader kul ... en oor die radio luister na die nag se nuus
vriende, medesterwendes — moenie huiwer nie
nou hang die lewe nog soos 'n vlees om ons lywe maar die dood beskaam nie
ons kom en ons gaan
soos water uit die kraan
soos klank uit die mond
soos ons kom en ons gaan
ons beendere sal die vryheid ken
kom saam — in my sterf — en in my wat na my vader gaan
Wellington waar engele vet wurms uit die hemel hengel
laat ons sterf en vergaan ...
en vrolik wees ...
my vader het 'n groot boarding huis